# DIE TOEKOMS TERUGGEGEE AAN DIE VERLEDE

*Tussen vergewing en vergelding, exonerasie as nuwe lewensmoontlikheid in Suid-Afrika*



Koos Fouché
1/4/1999 te Vuren

Die wat hier is, is maar net soos ons is.
(White lady about brown Bonnievale compatriots)[1]

In talle gesprekke met wit en swart in Suid-Afrika (SA) is daar een ding wat opval[2]: Blankes fokus op die toekoms. Hulle wil die boeke van die verlede sluit en oor hulle vooruitsigte, oor hulle veiligheid, beleggings en pensioene praat. Oor die vraag of daar stabiliteit en vrede sal wees; oor hoe wit en swart kan saamwerk om 'n ander, beter Suid-Afrika te skep. Hulle wil vergeef en vergeet. Swartmense weer wil hoofsaaklik oor die verlede praat. Oor hul verdrukking, leed en verontregting. Oor vergoeding en regstellende optrede. Oor grond wat teruggegee moet word. Oor onderwys en opvoeding wat skeefgeloop het. Oor familie wat weggeraak het of geheimsinnig vermoor is. Oor vergelding vir dit wat in die verlede gebeur het.

Wat ek hierbo beskryf, is tipies van 'n samelewing waar statutêre en politieke onreg gepleeg is. Die probleem van bogenoemde twee uitgangspunte – wat deur die meerderheid van die samelewing gehuldig word - is dat dit die Suid-Afrikaners in hul poging om 'n meer regverdige samelewing te skep, met slegs twee opsies laat, naamlik: dié van vergiffenis (as moontlike opsie vanuit die wit gemeenskap) of vergelding (as moontlike opsie uit die swart gemeenskap). Waarom noem ek die twee opsies problematies? Omdat vergiffenis van skuld in die blanke gemeenskap vanuit 'n piëtistiese agtergrond verstaan word as synde iets tussen my en God. Die sosiale dimensie van vergiffenis ontbreek. Ek word nie opgeroep om op 'n konkrete manier (Levinas noem dit byvoorbeeld heel konkreet geld) vir my misstappe te vergoed nie. Dit sien jy byvoorbeeld in die volgende uitspraak van 'n prominente predikant 'n aantal jaar gelede toe daar sprake was van 'n kerklike skuldbelydenis: "Wát moet ons bely? Dat ons vir hulle kerke gebou, skole gegee, hospitale verskaf het?" Dié argument mis die punt en openbaar eerder die etiese tonnelvisie wat vergiffenis in die Suid-Afrikaanse konteks begelei. Boonop sou vergiffenis van onreg wat gepleeg is vir beide gemeenskappe 'n teken van dislojaliteit wees teenoor dié wat hulle lewe vir die 'saak' opgeoffer het[3].

---

[1] Aangehaal uit Dog Heart van Breyten Breytenbach (1998:1). Bonnievale is sy geboortedorp.

[2] In SA bly dit moeilik - soos dit sal blyk uit die werkstuk - om gemeenskappe van mekaar te onderskei. Kleur, taal, sowel as kulturele gebruike is so polities gelaai wat maak dat daar by alle duidings implisiet veel meebedoel word. Dit maak dit eintlik onmoontlik om 'n neutrale manier te vind om gemeenskappe te dui. As ek dus begrippe soos wit en swart gebruik doen ek dit met 'n bepaalde mate van verleentheid, maar ook om mense 'n aanvoeling te geen van die omvang en sensitiwiteit van die dilemma waarmee jy te make het as jy daaroor praat of skryf.

[3] Hier maak ek geen waardeoordeel oor een van die twee standpunte nie. Beide partye het vanuit hulle onderskeie kontekste gevoel dat hulle sigself vir die sogenaamde 'just cause' opoffer. Die wit regering onder

Ook vergelding - as dit gesien word as 'n terugbetaling vir wat my aangedoen is - is geen opsie nie. Alhoewel in vergelding 'n implisiete roep om regverdigheid en billikheid gehoor word, is die vraag of dit die individu in sy reg herstel. Gee dit die mens sy menswaardigheid terug of word dit juis van hom ontneem omdat hy nou op sy beurt onmenswaardig teenoor 'n ander optree? So sou jou jy kon afvra of iets soos regstellende aksie - wat gemik is op 'n herstel van ewewig in die samelewing en oënskynlik 'n daad van regverdigheid en billikheid is - die menswaardigheid van die mense wat daardeur bevoordeel word herstel. Is dit nie miskien die mees onmenswaardige ding wat jy iemand kan aandoen om haar/hom in 'n posisie te plaas met vereistes waaraan hy nie kan voldoen nie? Word jou selfbeeld en daarom ook jou menswaardigheid daardeur nie meer aangetas nie?

Die opsies van vergewing of vergelding lei ons in 'n impasse. Dit plaas ons in ons soeke na 'n meer regverdige samelewing in 'n onmoontlike posisie. Jy word voor 'n 'of – of ' keuse geplaas, terwyl die realiteit jou uitwys dat nóg die een nóg die ander gewens is. Hoe sou ons die skaakmaat-posisie kon oplos? Die eerste stap hierin sou wees om die probleem vanuit 'n ander vertrekpunt te benader. Die hierbo genoemde probleem neem sy vertrekpunt in die algemene. Etniese groeperinge word onder een van twee noemers geplaas: wit of swart. Die breë noemers het tot gevolg dat die wit gemeeskap oortredings teen medemense as vaaghede sien wat in 'n algemene belydenis ongedaan gemaak kan word en die swart gemeenskap wraakaksies as iets lukraaks gemik teen 'n gesiglose massa van ander. Mense word as onderdele van 'n totaliteit gesien, totaliteite word as teenoorstaande groothede gesien. So word dit vir mense moontlik gemaak om mekaar ongehinderd te dood.

Watter moontlikhede word geopen wanneer ons die probleem benader vanuit die besondere? Dan word die individu ons nuwe vertrekpunt. 'n Belydenis word dan iets spesifieks, dit gaan om pertinente dade teenoor spesifieke mense en vergelding word die tot verantwoording roep van bepaalde persone vir hulle onderskeie dade. Die besondere as vertrekpunt gee aan mense gesigte. Maar ook al neem ons die besondere as vertrekpunt en al kry die ander vir ons 'n gesig, bly ons opsies beperk tot die genoemde twee moontlikhede. Boonop lewer dit vanuit 'n kontekstuele hoek gesien nog 'n probleem op, naamlik dié van gesplete lojaliteit. Aan die een kant roep die situasie in SA 'n vertikale lojaliteit op. Dit is 'n eksistensiële lojaliteit wat my verbondenheid met my ouers en grootouers aandui, maar ook 'n lojaliteit aan my kinders, aan

---

aanvoering van die Nasionale Party het geveg teen die kommunisme en die ANC teen die rassistiese regime van die blanke minderheid. Beide partye het gevoel dat die 'saak' groot genoeg was om daarvoor menselewens op die spel te plaas.

die toekoms. Dit is 'n onverbreekbare lojaliteit. Aan die ander kant is daar 'n horisontale lojaliteit. Dit is 'n lojaliteit wat ek vanuit die SA konteks wil tipeer as 'n etiese lojaliteit – nie dat die vertikale lojaliteit nie op etiese gronde berus nie. 'n Lojaliteit wat uitgaan na die verontregtes in die samelewing. As ek dit outobiografies moet inkleur, sien dit as volg uit. Ek is gebore in 'n wit gesin met al die voorregte daaraan verbonde. Aan dié gesin is ek lojaal, want my bestaan is ek aan hulle verskuldig. Na die ander kant toe het ek deur die jare 'n lojaliteit ontwikkel aan mense in die swart gemeenskap. Aan hulle is ek verbonde vanuit 'n aanvoeling vir reg en regverdigheid en vanuit my eksistensiële skuld – as kleinkind van apartheid - teenoor dié gemeenskap. Die probleem van gesplete lojaliteit doen hom voor wanneer jou betrokkenheid by een van die twee partye deur die ander party as 'n teken van dislojaliteit gesien word.

Tog bly die vraag staan: hoe kan ons in SA 'n nuwe begin tussen mense bewerkstellig? Hoe kan ons 'n regverdige samelewing skep waar daar respek vir die Ander is as die samelewing vir jare vasgevang was in 'n spiraal van geweld, uitbuiting, onderdrukking en die skending van menseregte? Hier open die werk van Nagy en veral sy gebruik van die begrip exoneratie nuwe moontlikhede. Nagy werk in sy terapie nie met die begrippe vergiffenis en vergelding nie, maar gebruik die begrip exonersatie as alternatiewe moontlikheid om onreg in verhoudings reg te stel. Exoneratie is oorspronklik (of: gewoonlik) 'n regsterm en so word dit ook deur Nagy gebruik. In die werk van Nagy gaan dit om die herstel van geskonde "human justice", met ander woorde die herstel van persone en hul reg. As regsterm beteken exoneratie 'n beperking of selfs vrywaring van aanspreeklikheid op grond van redelikheid of billikheid. Dit is met ander woorde 'n hertaksasie van gebeure op soek na wat 'reasonable and fair' is in 'n betrokke situasie. In *Between Give and Take* (1986:416) beskryf Nagy die begrip as volg: "Exoneration is a process of lifting the load of culpability off the shoulders of a given person whom heretofore we have blamed. It replaces a framework of blame with mature appreciation of a given person's (or situation's) past options, efforts and limits". In *Truth, Trust and Relationships* vat Krasner en Joyce dit korter saam as "... lifting the burden of culpability that crushes and fragments life in common" (1995).

By exoneratie is die doen van reg die dryfveer. Dit gaan in die begrip nie om die herstel van ewewig of harmonie nie, maar eerder om die herstel van wat Nagy in lyn met Buber die "justice of the human order" noem. In die Suid Afrikaanse konteks sou die pogings van die Waarheids-en-versoeningskommissie (WVK) gesien kan word as die eerste poging in so 'n herstel. Kader Asmal, een van die huidige ministers, haal Alexander Solzhenitsyn aan om die

funksie van die kommissie te beskryf: "By not dealing with past human rights violations, we are not simply protecting the perpetrators' trivial old age; we are thereby ripping the foundations of justice from beneath new generations" (Krog 1998:25). Waarom sou exoneratie in teenstelling tot vergiffenis en vergelding vir die WVK 'n reële opsie wees? Vergiffenis en vergelding bring volgens Nagy onderskeidelik verdere skuld en konflik te weeg. Dié uitgangspunt word grootliks ondersteun deur die werk van die WVK. Hier sien jy dat nóg vergiffenis nóg vergelding help om die negatiewe spiraal van skuld en konflik te deurbreek. Vanweë die negatiewe inhoud daarvan dra dit nie by tot die herstel van reg in die samelewing nie, maar versteur dit eerder verder. Exoneratie aan die ander kant sien in sy poging om reg te herstel skuld en konflik nie as iets negatiefs nie. Dit erken die negatiewe of destruktiewe reg van mense en sien daarin nie die einde, maar eerder die begin van nuwe moontlikhede, moontlikhede wat die toekoms vir volgende generasies kan oopmaak.

Die proses van exoneratie kom op gang daar waar ek insien dat iemand my onreg aangedoen het. Outobiografies kan ek die proses as volg beskryf: Op 'n bepaalde moment dring dit tot jou deur dat alhoewel jy deur apartheid bevoordeel was, dit jou van iets wesenlik ontneem het. Dit het 'n muur opgerig wat dwars deur jou verhoudingswerklikheid loop en jou kontak en interaksie met andere ontneem. Kortom: jy is benadeel. Waar jou natuurlike reaksie is om die in die nabye omgewing, soos jou ouers en ander belanghebbendes, te beskuldig, roep exoneratie jou op om die onmiddellike oordeel op te skort. Exoneratie staan dus teenoor 'n onmiddellike skuldig verklaring van iemand. Tog beteken dit nie dat exoneratie onreg minder ernstig beskou nie. Inteendeel: dit erken die onreg wat mense aangedoen is en beskou die versagting daarvan as 'n verdere daad van onreg teen die betrokke persoon. Wat dit egter wel doen is om 'n uitweg te soek uit die reële onreg. Die proses van exoneratie verskuif die fokus van die skuld of onreg wat deur iemand (benadeler) aangerig is na die persoon (benadeelde) wat 'n poging aanwend om die ander te exonereer. Exoneratie berus dus op 'n proses van hertaksasie deur die benadeelde waar hy opsoek gaan na die fundamentele waarheid agter handelinge van die benadeler. Dit beteken dat jy vra na die redes wat veroorsaak het en nog steeds veroorsaak dat jou ouers en hul ouers op 'n bepaalde manier opgetree het en nog steeds optree. Konkreet hou dit in dat gekyk moet word na die effek van byvoorbeeld die Engelse kolonisasie, die Anglo–Boereoorlog, die Engelse strafkampe en die armblanke-vraagstuk op die handel en besluitneming van jou voorgeslagte. Wanneer jy dit doen kom jy agter dat die geskiedenis van die Afrikaner genadiglik nie net 'n geskiedenis is van mense wat 'n rasse-ideologie soos die evangelie gehoorsaam het nie. Dan hoor jy in 'n uitspraak van 'n dominee

van jare gelede eggo's van hedendaagse swart protesstemme terug. Op 'n oproep tot versoening met die Engelse het hy só gereageer: "Christus vergeef nooit 'n mens wat nie belydenis doen nie, en ons kan tog nie anders optree as Christus nie". Met die agterhaal van feite onthef jy jou ouers nóg van hul skuld, nóg van hul verantwoordelikheid, maar maak jy dit vir jouself moontlik om te breek met 'n stygende rekening waar vergelding verdere vergelding oproep[4]. Dit is dus nie 'n ignorering van ongelykhede of onvergeeflikhede uit die verlede nie, dit is eerder 'n proses van herkonsiderasie deur die persoon wat benadeel is. Deur die proses van herkonsiderasie en herinterpretasie van die geskiedenis kom die benadeelde tot 'n ander verstaan van gebeure wat hom sowel as die benadeler vryheid tot handeling na die toekoms bied. So bied die proses van exoneratie nie alleen vir jou nie, maar ook vir jou ouers nuwe lewensmoontlikhede vir die toekoms.

Via exoneratie kom jy nie net agter wat die redes vir die handelinge van jou voorgeslagte was nie, dit help jou ook om die optrede van jou tydgenote te snap. Dit laat jou sien dat die nuwe vorme van rassime wat hul kop uitsteek sowel as die hoë emigrasiesyfers nie in die eerste plek 'n wantroue is teen die swart gemeenskap nie, maar eerder gebore word uit lojaliteit aan die ouers. Emigrasie is dan 'n vorm van lojaliteit aan die ideale van die ouers. Die vorige generasie – ons ouers – gaan daarvan uit dat elke generasie dit materieel gesien beter moet hê as die vorige. In SA kan die kinders die ideale van die ouers nie verwesenlik nie, maar in die buiteland wel. Idem ditto met vorme van neo–rassisme. Deur uitermate klem te lê op die foute en swakhede van die huidige Regering en daarmee saam die verswyging van soortgelyke foute van die vorige regering bly die kinders op 'n onsigbare manier aan hul ouers lojaal. Die vraag bly egter staan wat die kinders en hulle kinders met die destruktiewe reg gaan doen wat hulle verwerf deur lojaal te bly aan hulle ouers? Waar kom die onbetaalde rekening tereg?

Dié vrae open nog 'n belangrike perspektief op die begrip exoneratie. Exoneratie is 'n triadiese begrip. Dit gaan altyd ook om 'n derder of 'n vierde of... Exoneratie bring daarom altyd die vraag na die Ander aan bod – waar die genoemde onbetaalde rekening moontlik tereg kan kom -, dit bring altyd die beeld van die Ander in sig. My poging om my ouers te exonereer is nie 'n tweegesprek tussen hulle en my nie, maar 'n polifoon van stemme waar die stem van die Ander al is dit in 'n stilswye gehoor word. Dit bly altyd 'n gesprek met die oog op 'n derde. Dít onderstreep die etiese geaardheid van dié woord. Dit is nooit maar gesprek ter

[4] As jy die begrip roulerende rekening as hemeneitiese sleutel vir die Suid-Afriaanse geskiedenis gebruik sien jy duidelik dat die onbetaalde rekening van die 'Boere en die Britte' by die swart gemeenskap terreg gekom het. Dit vraag is: waar kom laasgenoemde se onbetaalde rekening tereg?

wille van myself nie, maar 'n gebeurtenis wat gebore word uit 'n verlange na die herstel van reg. Dit is 'n gesprek waar ek aangespreek word, waar ek gekonfronteer word met my onvermoë om die ander te laat `barsten' of `stikken'. Wanneer ek dié punt bereik het, is ware dialoog moontlik. 'n Dialoog wat nie om probleme heen praat nie, maar 'n dialoog wat Van Rhijn en Meulink – Korf (1999:12) in lyn met Buber: "... a process in which the representations can be torn up by the presence of the other" noem. Dan vervolg die aanhaling met: "This dialogue is an appeal to a relationship of reasonableness and fairness which does not exist, is not `in stock' but which can be found: `justice' you could call it".

Lê die moontlikheid op 'n toekoms in SA nie hierin opgesluit nie? Is dit nie die voorwaarde vir die reënboognasie waarvan biskop Tutu praat nie? Eers wanneer ons tot ware dialoog oorgaan sal ons ons stereotipe beelde van die Ander deurbreek en hulle dié van ons. Eers wanneer ons die Ander sien staan as 'n naaste waarvoor ek eindeloos verantwoordelik is, sal ons die veelkleurigeheid van ons toekomsmoontlikhede in die gelaat van die Ander na vore sien kom soos 'n reënboog na 'n storm. Miskien is dit nodig om ons gemene deler nie te soek in wat was nie, maar in dit waarna ons almal verlang, naamlik geregtigheid. Miskien is exoneratie hierin die eerste tree. 'n Eerste tree omdat exoneratie as etiese begrip behoort tot die 4$^{de}$ dimensie van Nagy. Die dimensie is geen opsigself staande grootheid nie, maar het 'n direkte invloed om op die ander drie dimensies (die dimensie van die feite, psigologie en transaksionele). Die herstel van reg beteken dus ook dat daar byvoorbeeld in die dimensie van die feite dinge sal moet verander. Dit sou 'n tweede en derde tree in die poging tot herstel wees. So bied exoneratie vir die wit gemeenskap 'n moontlikheid om van sy eksistensële skuld terug te betaal.

So maak exoneratie dit vir my moontlik om nie alleen maar benadeelde en dader in die gang van die Suid Afrikaanse geskiedenis te wees nie, maar ook ontheffer, iemand wat die toekoms vir my nageslag oopmaak deur met my voorgeslag in die reine te kom. As ontheffer toets ek na alle redelikheid en billikheid af die skade wat my en daarom ook die Ander aangedoen is, moet bly en of dit onthef kan word. Die beroep op redelikheid en billikheid as kriteria tot ontheffing breek met die idee van vergiffenis wat die een of ander aan mekaar moet verleen. Vanuit die posisie van redelikheid en billikheid sien ek af van my posisie as regter. Exoneratie help jou dus om te breek met die mite van "one – sided accountability" (eensydige aanspreeklikheid). Soos skuld en onreg nooit van een kant af kom nie, kom ook opbou en die herstel van reg nie net van een kant nie. Exoneratie maak dat alle partye saam kan werk op soek na nuwe moontlikhede vir die toekoms. Na exoneratie is dit nie meer moontlik om een

persoon as die skuldige aan te wys nie en word die verantwoordelikheid versprei oor alle belanghebbendes. Dit beteken nie dat skuld teenoor mekaar weggevee word nie, jou skuld en my skuld kanselleer mekaar nie uit nie. Krasner en Joyce (1995) beskryf die proses eerder as volg: "Everything that happens in a given relationship is no longer filtered through the prism of personal pain and felt rejection".

En miskien na al die pogings tot exoneratie bly die hiate groeter gaap as daarvoor, verdubbel die vrae en halveer die antwoorde. Dan nog bly die vraag staan: was die poging tot exoneratie jou die tyd en die moeite werd? In die film *Elizabeth* – wat die verhaal van die maagdkoningin van Engeland in vertel – speel die volgende toneel af. Elizabeth word bewus van 'n komplot teen haar en die mense wat deel hiervan was, word gevang - onder andere haar jeugvriend en minnaar. Die ander laat sy doodmaak, maar hom laat sy lewe, nie uit simpatie nie, maar soos sy sê: "to remind me how close I came to death." As ons die hiate nie kan opvul nie en die vrae nie kan beantwoord nie is dit miskien goed om hulle oop te laat, want dit sal ons herinner hoe digby ons aan 'n volslae ramp was.

**Bibliografie:**

Boszormenyi-Nagy, I & Krasner, B.R.

1986 **Between Give and Take – a clinical guide to contextual therapy**, New York

Breytenbach, B.

1998 **Dog Heart**, Human & Rousseau, Kaapstad.

Krasner, B.R. & Joyce, A.J.

1995 **Truth, Trust and Relationships: healing intervention in contextual therapy**, New York

Krog, A.

1998 **Country of My Skull**. Random House, Johannesburg.

Meulink-Korf, H. & Van Rhijn, A.

1999 **Retribution, Exoneration and the Problem of Forgiveness – as social-ethical and pastoral realities according to Nagy**, ongepubliseerde artikel.